

DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder Redaksie van
J. M. H. VILJOEN

Uitgegeë deur
Die Nasionale Pers, Beperk, Posbus 692, Kaapstad

DEEL XXVI, No. 1006

4 JULIE 1941

AAN DIE HOOFPOSKANTOOR
GEREGISTREER AS 'N NUUSBLAD

PRYS 4d.

Steun aan Skoolbiblioteke

NA aanleiding van enkele opmerkings in een van ons Meinnommers, het ons 'n brief uit Potchefstroom ontvang waarop ons graag die aandag wil vestig. Aangesien die skrywer onbekend wil bly, en ons sy voorstel graag wil beklemtoon, behandel ons die brief in hierdie kolomme. Hy het in sy testament aan elk van twee skole wat hom die naaste aan die hart lê £100 bemaak vir dié aankoop van Afrikaanse boeke. Ons artikel van 16 Mei het hom egter laat besluit om reeds nou al elke jaar die rente op hierdie geld aan die betrokke skole uit te betaal, mits daar in elke distrik of vir elke Hoër- of Sekondêre skool ten minste nog twee persone gevind kan word wat £100 vir dié doel skenk of in hul testamente bemaak. Hierdie voorstel maak hy nie omdat hy dit geldelik breed het nie, intendeel, maar omdat hy — baie tereg — voel dat daar nie langer met die saak moet gewag word nie. Aangesien hy nie graag voorwaardes wil stel wat sal verhinder dat daar 'n aanvang met die werk gemaak word nie, is hy gewillig om met die plan deur te gaan as groepe persone of verenigings gelykstaande bedrae skeak of as die skole dit self deur middel van basaars insamel.

Dit is natuurlik onmoontlik om te wag op 'n reaksie uit elke distrik van die land. Daarom stel ons korrespondent voor dat binne een of twee jaar honderd hoërskole en honderd ander skole in die vier provinsies saam gevind moet word wat hulle vir die plan beywer.

Baie skole het natuurlik reeds 'n biblioteekfonds, maar dié is meestal baie ontoereikend. Ons bring dus graag hierdie voorstel onder die aandag van alle skoolkomitees, kultuurverenigings en goedgeesinde individue. Die saak kan op vergaderings van ouers en onderwysers bespreek word en 'n veldtog vir die insameling van hierdie fondse kan begin word. Voordat hierdie werk egter deeglik aangepak en deurgevoer kan word, is dit nodig om alle ouers en alle persone wat belangstel in die opvoeding en verspreiding van die Afrikaanse boek vir die saak te interesseer. Hieraan wil *Die Huisgenoot* graag sy volle steun verleen. Ons stel dus ons korrespondensiekolomme oop vir 'n meningswisseling oor die saak, en as daar genoeg belangstelling is, sal ons deur middel van artikels probeer aanvuur en leiding gee.

'n Suid-Afrikaanse Staatorkes

VERSKEIE kere in die verlede het ons — ongelukkig sonder om enige reaksie hoegenaamd uit te lok — die stigting van 'n Suid-Afrikaanse staatsorkes, 'n staats-teater, 'n effektiewe, staatsondersteunde biblioteekdiens vir die hele land en ander nasionale dienste van kulturele aard bepleit. Indien daar 'n ministerie vir hierdie dienste in die lewe geroep word, wat sal beskik oor

AANTEKENINGE

die regte hoof en die regte amptenare, is die plan nóg fantasties, nóg onuitvoerbaar. Die vernaamste struikelblok in die weg is waarskynlik nie soseer moeilikhede van finansiering of van uitvoering nie, maar die onverskilligheid van die publiek en die teenkanting wat gevestigde belange sal bied. Daarom verwelkom ons die pikant gestelde, ope brief: „Facing the Music”, wat op 6 Junie in *Trek* verskyn het. Na 'n besonder openhartige en saaklike kritiese waardebeoordeling van die Kaapstadse Munisipale orkes en sy dirigent, spreek die skrywer sy oortuiging uit dat die Kaapstadse Munisipale orkes in sy huidige vorm — en ons neem aan dat dit vir die orkeste van Durban en Johannesburg ook geld — geen reg van bestaan het nie. Omdat hierdie orkeste almal te klein is om aan groot komposisies reg te laat geskied, omdat baie van hul spelers derderangse musikante is en eerder gedryf as gedirigeer behoort te word, omdat die orkesleiers met tal van stremmende omstandighede moet rekening hou e.d.m., sal ons hier te lande nooit uitvoerings hoor wat met die beste vergelyk kan word nie. Die skrywer bepleit dan die samesmelting van hierdie drie orkeste tot 'n Suid-Afrikaanse staatsorkes wat enkele maande lank per jaar op verskeie plekke sal optree en origens uitgebreide konsertreise deur die hele land sal onderneem.

Met hoeveel instemming en geesdrif hierdie voorstel begroet sal word, weet ons nie. Ons hoop in elk geval dat dit soveel belangstelling sal wek dat die hele vraagstuk van 'n nasionale staatsorkes, -teater e.d.m. deeglik onder die aandag van die publiek kom.

„Grepe Uit die Regslewe”

TOT ons spyt moet ons lesers meedeel dat na hierdie nommer ons bekende rubriek „Grepe uit die Regslewe” nie meer sal verskyn nie. Die oorlog laat hom op allerlei gebiede in ons land voel; ook drukkerie en uitgewerye ontkom nie aan die toenemende knelling nie. Dit gaan moeilik met die toevoer van papier. Ten spyte daarvan het ons nog altyd al ons rubrieke bly handhaaf en ons lesers eintlik nog meer leesstof verskaf deur van 'n kleiner drukletter gebruik te maak. Nou egter is ons weens papierskaarste verplig om enkele bladsye van *Die Huisgenoot* prys te gee en voorlopig die gewaardeerde regsadvies van „Juris” te staak. Sodra daar weer 'n gereelde toevoer van papier is, sal ons graag weer hierdie rubriek hervat. Ons sal dus bly wees as ons lesers voorlopig nie meer vree van hierdie aard aan ons stuur nie.

'n Belangrike Reeks Handboeke

AAN geskikte handboeke vir ons gespesialiseerde skole, soos ambagskole, industrieskole, huishoudskole, landbou-vakskole en tegniese kolleges, is daar reeds jare lank 'n gebrek. Aan

inrigtings met Afrikaans as voertaal is hierdie gebrek die meeste gevoel, maar selfs aan inrigtings met Engels as voertaal is daar 'n behoefte gevoel aan handboeke wat ons landsomstandighede ten volle in ag neem. So 'n stel handboeke, in albei landstale, word tans in Die Volksblad-boekhandel se „Collegium-reeks” uitgegee. Die redaksiekommissie, dr. J. J. Liebenberg, mnr. A. Geldenhuys, F. V. Lategan, N. H. Theunissen en T. H. van Reenen, is almal manne wat in die daaglikse praktyk van die tegniese onderwys staan. Die reeks boeke sal agtereenvolgens al die vakke dek, en sal opgestel word deur skrywers wat elkeen hul onderwerp teoreties en prakties meester is. Die eerste nommer oor die handel het reeds verskyn, en saam hiermee wil ons graag ook die handboek *Verkoop met Sukses* deur David Joubert (Voortrekkerpers, Johannesburg) noem — 'n uitstekende gids vir alle verkopers en voorgenome verkopers.

In die komende na-oorlogse tydperk sal vakopleiding 'n groot rol in die volkslewe en -opbouw speel. Dit is dus van die grootste betekenis dat Afrikaanssprekendes in besit sal wees van 'n reeks deeglike leerboeke in hul eie taal.

Besluite van Historiese Monumentekommissie

OP die jaarvergadering van die Historiese Monumentekommissie wat onlangs op Grahamstad gehou is, is besluit om die Bloedrivier-gedenkteken tot nasionale monument te verklaar. Dit het geskied op versoek van die komitee wat verantwoordelik is vir die gedenkteken wat nou in aanbou is en, na ons verneem, bes moontlik eers na die huidige oorlog onthul sal word. Dié besluit sal seker algemene byval vind. Bloedrivier is 'n plek van buitengewone betekenis in ons geskiedenis en hy verdien seker om deur 'n waardige gedenkteken, wat staatsbeskerming geniet, aangedui te word.

Die Monumentekommissie het ook besluit om 'n geïllustreerde boek oor die nasionale monumente van Suid-Afrika aan die publiek en skole beskikbaar te stel. Die boek is versorg deur prof. C. van Riet Lowe, sekretaris van die kommissie, en behalwe 'n samevatting van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en 'n beskrywing van sy historiese bakens, bevat dit ook 'n uiteensetting van die werk van die kommissie.

Onder Verdenking

IN *The Forum* van 21 Junie verskyn daar onder die opskrif „Decline of Education” 'n stukkige redaksionele kommentaar wat alle onderwysers sal verbas. Na aanleiding van uitlatings in die Duitse pers en oor die Stuttgartse radio, raak die tydskrif 'n insinuasie kwyt wat alles behalwe vleënd is vir die tal van groot en gevestigde Engels-mediumskole van ons land. Die Stuttgartse omroep het verklaar: „Die

skool is nie slegs meer 'n instrument vir opvoeding nie, maar ook 'n politieke opleidingsentrum wat 'n uniforme tradisie moet vestig” en verder dat onderwysers „die harte van die kinders met haat jeens „foreigners” moet vervul”. Die blad merk dan op dat hierdie soort geklets 'n uitwerking op ons land se skole gehad het en dat dit 'n besonder vrugbare teelaarde vind in die stelsel van enkelmediumskole. Die blad gaan voort om ons onderwysdepartemente te maan tot ernstige nadenke oor die gevare van opvoedkundige isolasionisme. Waarop die blad hierdie pynlike aantygings grond, weet ons nie. Ons vermoed dat hy dit self ook nie weet nie. Aangesien verreweg die meeste enkelmediumskole Engels as voertaal gebruik, moet ons aanneem dat die beskuldiging aan hul adres gerig word. Hulle sal ongetwyfeld gereed wees om die eer van die enkelmediumskool en die noodsaaklikheid van sy bestaan te verdedig.

Leiding vir Dingaansfeeste

DIE wisselkantoor van die Algemene Dingaansdagkommissie van Suid-Afrika het so pas weer sy gebruiklike briewe uitgestuur om sprekers vir die fees in Desember tot sy beskikking te kry. Die Dingaansdagkommissie is egter in die lewe geroep nie alleen om aan feeskommissies wat daarom vra, feesredenaars te verskaf nie, maar veral om leiding te gee in verband met die viering van die dag, sodat die oorspronklike karakter van die fees bewaar mag bly en die doel wat nagestreef word, dcs te beter verwesenlik mag word. Ten einde dus eenheid van strewe te kan bewerkstellig, sal dit goed wees as feeskommissies vroegtydig die Wisselkantoor, posbus 704, Bloemfontein, raadpleeg in verband met aspekte van die geskiedenis wat by die eersvolgende feesvierings behandel of onderwerpe en sake wat beklemtoon moet word.

Nuwe Radiosenders

LUISTERAARS sal met belangstelling verneem dat daar binne die eersvolgende paar maande 'n hele paar nuwe senders in diens gestel sal word. 'n Nuwe kortgolfsender om die sender Voortrekkerhoogte, wat vir staatswerk afgesonder is, te vervang, sal teen die einde van Julie gereed wees. Hierdie sender is vyf kilowatt sterk en is bedoel om die hele land te bedien. Hy sal by Maraisburg opgerig word en sal die Johannesburgse B-program behartig. In Bloemfontein sal 'n mediumgolfsender opgerig word, hoofsaaklik om luisteraars in die onmiddellike omtrek beter te kan bedien, terwyl sowel aan die Oos- as aan die Wes-Rand 'n mediumgolfsender tot die diens bygevoeg sal word. Die nuwe Bloemfonteinse sender sal reeds einde Julie gebruik kan word; maar die nuwe Witwatersrandse senders sal waarskynlik eers teen die einde van die jaar voltooi wees. Die nuwe senders sal ongetwyfeld 'n aansienlike verbetering in die radiodiens teweegbring; maar ons wil vertrou dat die bestuur van die Radio-korporasie nie hierby sal berus nie, dog sal voortgaan met die beleid om die radiodiens te verbeter.